KAAPSTAD-WEDLOOP
Maandag 16 Mei 2016 | Beeld | Jou wêreld, jou koerant

# Verkoue: Irvette gooi byna tou op



**Irvette van Zyl op pad na haar sege in gister se 12 One Run-wedloop.** Foto: NASIEF MANIE

**Sarel van der Walt**

Kaapstad. – Die Olimpiese marathonatleet Irvette van Zyl het gister hier klippe gekou in die FNB Cape Town 12 One Run-wedloop oor 12 km, maar nogtans gewen.

Nadat daar aanvanklik 'n groot gewag daarvan gemaak is dat Van Zyl 'n aanslag sou doen op die voormalige Olimpiese silwermedaljewenner Elana Meyer se 19 jaar oue Suid-Afrikaanse rekord van 38:39, moes die Pretoriase atleet met 'n wentyd van 39:40 tevrede wees.

Sy het enkele dae voor die wedloop 'n verkoue opgedoen.

"Ek het nie lekker gehardloop nie en wou ná 4 km al ophou," het Van Zyl kort ná die wedloop, wat in ideale hardloopweer plaasgevind het, vertel.

Lebo Phalula, wat soos Van Zyl reeds vir vanjaar se Olimpiese marathon gekwalifiseer het, was die naaswenner in 40:10, met die Zimbabwiër Rutendo Nyahora derde in 40:31.

"Vandag was vir my moeilik, want ek het nie lekker gevoel nie."

Terwyl sy gehardloop het, het sy probeer om nie aan die verkoue te dink nie, het Van Zyl gesê.

"Ek het aan klein Louis (haar en haar man, die Olimpiese hekkiesatleet LJ van Zyl, se eersteling) gedink en in my gedagtes vir klein Louis gesê: 'Jou ma gaan swaarkry vandag'," het sy na aan trane gesê.

Met verlede jaar se wedloop was sy nog swanger met klein Louis.

"Ná 4 km se hardloop het ek gedink ek sal nie klaarmaak nie. Ek wou toe stop omdat ek gedink het dit sou nie vandag vir my werk nie."

In daardie stadium het Phalula 'n gaping opgebou en "my bene het vreemd gevoel", het die 28-jarige Van Zyl, wat 'n besonderse goeie jaar op die pad beleef, gesê.

Sy het onlangs in die Londen-marathon vir vanjaar se Olimpiese Spele gekwalifiseer.

"Ná 6 km het ek haar weer gevang en toe gedink 'wat gaan nou aan?'

"Dit het my hoop gegee en laat besluit om 'n bietjie vas te byt. Ná 7 km het ek gehoor Lebo klink moeg. Toe dink ek: 'Ek is moeg, maar jy klink moeër'.

"Ek het geweet ek sou nie die rekord vandag oortref nie. My lyf was net nie vandag daartoe in staat nie."

Meyer het Van Zyl by die eindstreep ingewag. "Ek het gehoop Irvette sou die rekord oortref, want dit sal wys ons vroue-atletiek is op die regte pad. Daai rekord van my word nou regtig oud. Rekords is daar om oortref te word," het Meyer gesê.

Sowat 14 000 mense het deelgeneem.